



Verwysing: 20200917-8121
Lêerno.: 13/1/1/2
Navrae: J Parbhoo

Assesseringsbestuurminuut: 0013/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandideer vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Onderwerpe vir Vraestel 2 van Religiestudies vir graad 12 se 2020 gekombineerde Junie- en November-eksamens

1. Die Eksamenriglyne vir Religiestudies (2017) vir graad 12 se Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen bly geldig vir 2020, soos aangedui in Assesseringsbestuurminuut 0014/2019 van 22 Oktober 2019. Toegang tot die riglyne kan op die webwerf van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) by <https://bit.ly/35leqEg> verkry word.
2. Die riglyne dui onderwerpe wat in die vraestel geassesseer moet word, aan, soos aangegee vir 'n drie-jaar siklus (2017–2019), waarvan een *die ontwikkeling is van 'n strategie om 'n groot maatskaplike probleem op te los*. Daar word voorts aangedui dat die onderwerpe vir die drie-jaar siklus aan die einde van 2019 herhaal sal word, tensy dit deur 'n meer onlangse dokument vervang word.
3. Die 2020 Junie-eksamen is weens die Covid-19-pandemie herbeplan en met die 2020 November-eksamen gekombineer. Die DBO het Omsendbrief E7 van 2020, met 07 September 2020 as datum, uitgereik waarin hulle bevestig dat die kandideer vir Junie 2020 oor 'n ander stel groot maatskaplike probleme as die kandideer vir November 2020 getoets gaan word. **Dus sal die kandideer vir Junie 2020 se vraestelle vir Religiestudies verskil van die vraestelle van diegene wat geregistreer is om die NSS-eksamen in November 2020 af te lê.**

4. Die onderwerpe wat getoets gaan word vir kandidate wat die NSS-eksamen in Junie 2020 sou aflê, verskil van die onderwerpe vir die kandidate wat oorspronklik vir die NSS-eksamen in November 2020 geregistreer het. Die onderwerpe word hieronder aangedui:

Eksamen	Groot maatskaplike probleem
Junie 2020 se kandidate	<ul style="list-style-type: none"> • Siektes soos MIV en Vigs • Misdaad en geweld • Selfmoord
November 2020 en Junie 2021 se kandidate	<ul style="list-style-type: none"> • Tienerswangerskap • Diskriminasie • Die gesin as 'n maatskaplike eenheid

5. Die twee verskillende vraestelle sal volgens kleur gekodeer en gemerk word om tussen hulle te onderskei. Aangesien dit op dieselfde dag en gedurende dieselfde sessie geskryf word, is dit belangrik dat hoofopsieners en opsieners toesien dat die vraestel wat aan elke kandidaat gegee word, ooreenstem met die vak op die kandidaat se toelatingsbrief.
6. Prinsipale en sentrumbestuurders word versoek om alle leerders wat Religiestudies aanbied, in te lig oor die inhoud van hierdie minuut.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-09-17